DIE MEULENAAR

Amptelike Nuusbrief

van die

BOND VAN DIE VERMEULEN FAMILIE
Langstraat 16 De Kelders Gansbaai 7220
Landlyn 028 384 3859
Faks na epos 086 561 6727
Selfoon 082 585 7692
Web: **www.vermeulenbond.org**
E-pos**: hennieverm@telkomsa.net**

Jaargang 19: 2019

Januarie **2019**

VOORWOORD
Hiermee die Bond van die Vermeulen familie se nuusbrief, Die Meulenaar, vir 2019

ALGEMENE LEDEVERGADERING
'n Algemene Ledevergadering is op 6 Oktober 2018 te Fochville gehou.

OPSOMMING VAN LEDEVERGADERING

Konstituering
Volgens die Grondwet vorm 10 lede 'n kworum. Die vergadering is bygewoon deur 5 lede en 1 vriend en 'n verdere 20 volmagte is deur lede teenwoordig gehou. Die vergadering word dus behoorlik gekonstitueer verklaar.

Voorsitter- en Finansiële verslae
Die verslae vir die periode 2017-03-01 tot 2018-02-28 is voorgelê en goedgekeur.

Bond Ledetal
Gedurende die jaar was die ledetal soos volg: Die Bond ledetal op 19/08/2017 was 80 lede en 5 vriende. Drie lede is intussen oorlede. 3 lede het bedank en 3 lede het hul lidmaatskap verbeur a.g.v. versuim om ledegeld te betaal. Ten tye van die vergadering was ons 72 lede en 5 vriende (een nuwe lid het intussen aangesluit).

Ouderdom van lede
Ons is tans 74 lede. Ons ouderdom van lede is as volg: Ouer as 80jr..1 lid, tussen 70 en 79jr oud..18 lede, tussen 60 en 69 jr.. 20 lede, tussen 50 en 59jr.. 10 lede, tussen 40 en 49jr..19 lede, tussen 30 en 39jr..4 en tussen 20 en 29 jr..2 lede.

Facebook Blad
Dit is aangenaam om te rapporteer dat ons facebookblad ten tye van die vergadering 500 lede gehad het, Dankie aan Petrus en Giep wat die administrasie van die facebookblad hanteer.

Webblad
Ons webblad www.vermeulenbond.org word gereeld bygehou met nuwe artikels en interessanthede. ’n Beroep word op lede gedoen om asb. artikels en ander bydraes vir plasing na ons deur te stuur . Tans besoek tussen 55 en 65 persone per maand ons webblad. Die jaarlikse koste aan domain en subskripsie gelde beloop ongeveer R1800.

Nuwe Bestuur

Voorsitter: Hennie Vermeulen (1990)
De Kelders Gansbaai
Tel. 082 585 7692

Izak Vermeulen (1976)
Robin Hills Randburg.

Barend Johannes Vermeulen (Giep), (4385)
Centurion, Pretoria

Zelma Geldenhuys (Vermeulen), (6820)
La Hoff, Klerksdorp

Cloete Vermeulen (1991)
Annlin Pretoria

Net Hennie en Cloete is nuut op die bestuur en daarom word net hulle hieronder kortliks bekend gestel. Cloete is die seun van Hennie.

Hendrik Christoffel Vermeulen
Hennie sluit na skool by die S A Polisie aan en verrig diens op verskeie plekke in Suid-Afrika. Hy “tree af” in 1998 in die rang van Genl.majoor en hy en sy vrou Christa vestig hulle self in De Kelders naby Gansbaai. Hulle het 3 seuns.
Vanaf 2000 tot 2016 begin hulle as eiendomsagente by Aïda en later begin hulle hul eie besigheid naamlik De Kelders Properties.Aan die einde van 2016 besluit hulle, hulle het nou lank genoeg gewerk. In 2017 begin hy sy broer Johan help om sekere rekenaarwerk te doen en neem ook vroeg in 2018 die onderhoud en die instandhouding van ons webblad oor. Hy besluit dan ook om by die bestuur van die Bond betrokke te raak totdat iemand anders kan oorneem. Hennie is sedert stigting in 2000 ’n Bondslid.

Cloete Vermeulen
Cloete voltooi skool in Lichtenburg en is werksaam en woonagtig te Pretoria waar hy die afgelope 10 jr werksaam is in die rekenaar bedryf. Hy is getroud met Lizé en die egpaar het ’n dogter 9jr en ’n seun van 6jr oud.
Hy is ook sedert stigting ’n Bondslid en hanteer sedert 2016 die tegniese sy van die spasie wat hy geskep het op Google Drive om die Bond se geskandeerde dokumentasie te bewaar.

Hennie Vermeulen

Hennie en sy seun Cloete

Ander sake waaraan Bestuur aandag gee soos bespreek op Jaarvergadering

Bateregister
Navorsing en vaslegging van data in databasis van geslagsregister.
Bankrekening in naam van Bond
Werwing van lede
Wysiging van Grondwet

INLIGTING OOR BOND WERKSAAMHEDE

Die Bestuur het die volgende reëling geïmplimenteer vanaf Oktober 2018:

Dit word ingestel om ’n persoon te motiveer om lid te word of om aan te bly as Bondslid. Almal het toegang tot die facebookblad en ons webblad daarom behoort Bondslede sekere voordele te ontvang. Die Bond se grootste bate is die Die Geslagsregisters . Johan, Izak en al die ander navorsers het hul navorsingsmateriaal aan die Bond geskenk. Dit behoort nie aan die Vermeulen familie in die algemeen nie maar aan die Bond.

- Die Geslagsregisters sal aan Bondslede en Vriende van die Bond verkoop word teen R500 per stel en aan nie-lede teen R600 per stel.
- Dvd’s Cd’s sal aan Bondslede en Vriende van die Bond verkoop word teen R200 en aan nie-lede teen R250.
- Voorgeslagstate sal slegs aan Bondslede en Vriende van die Bond gratis verskaf word.
- Om alle ander items wat in die toekoms te koop aangebied word deur die Bond teen ’n goedkoper prys aan lede beskikbaar te stel.

Die Bestuur wil graag voortgaan met die reëling om aan nuwe lede en ook aan Bondslede en Vriende van die Bond wat dit nog nie ontvang het nie, lidmaatskapsertifikate en voorgeslagstate uit te reik. Laat weet ons asb. indien u graag een verlang indien u nog nie in besit is van daarvan nie.

Ons wil ook graag elke Bondslid aanmoedig om meer betrokke te raak by die Bond se aktiwiteite. Die Bond behoort aan ons almal en dit is in elke lid se belang dat ons betrokke raak by die groot taak om ons Vermeulen familie geskiedenis so akkuraat moontlik aan te teken en te bewaar vir ons nageslag. Met hedendaagse tegnologie tot ons beskikking, hoef jy nie in Pretoria omgewing te bly om betrokke te raak by die bestuur van die Bond nie. Jy hoef ook nie op die bestuur van die Bond te dien om betrokke te raak om ons te help met inligting insameling en of navorsing te doen oor ons familie nie. Kom ons help mekaar. Jy kan begin deur seker te maak dat jou eie familie se inligting opdateer is op ons databasis.

Soos julle weet is ons ver gevorder met die skandering van al die navorsingmateriaal en word dit op “Google Drive “ gestoor. Dit word beoog om alle Bondslede toegang te gee om hierdie dokumente te besigtig.

Ons wil weereens ’n beroep doen op al ons lede om bydraes vir plasing in ons nuusbrief aan ons te stuur.

OPDATERING VAN DATABASIS VAN ONS GESLAGSREGISTER

Die eerste druk geslagsregister van die Vermeulen Familie in Suid-Afrika , het in 2004 verskyn en het uit 250 bladsye bestaan waarin 4000 name van afstammelinge van Jan Willemz en 14000 van Dirk Corneliz in verskyn het. Die tweede druk het ong. 5040 name van afstammelinge van Jan Willemz bevat terwyl dit ong. 17600 name van afstammelinge van Dirk Corneliz bevat het. Tans bevat ons databasis 5205 name van afstammelinge van Jan Willemz en 18055 name van Dirk Corneliz. Daar is tans ook 65 foto’s van dokumente, plaasopstalle ens., 400 foto’s van persone en ong. 1700 foto’s van grafte. Onthou ook dat die opdatering van ons databasis nie net beteken dat nuwe name bygevoeg word nie maar dat inligting by al die persone in die databasis voortdurend opdateer moet word.

Op ons webblad www.vermeulenbond.org verskyn ’n volledige inligtingstuk hoe u en elke Vermeulen afstammeling ons kan help om hierdie uiters waardevolle erfenis op datum te hou en vir ons nageslag te bewaar. Ek heg ook die inligtingstuk aan by hierdie nuusbrief as aanhangsel 1.

Die verantwoordelikheid berus by elke Bondslid en Vriende van die Bond om ons te help om ons databasis so volledig moontlik op te dateer indien ons weer in die toekoms ’n geslagsregister wil uitbring waarop elke Vermeulen en ons nageslag trots kan wees. Die alternatief is dat ons die 2011 geslagsregister as die laaste druk aanvaar.

Baie dankie aan Bondslede wat reeds hul eie familie se besonderhede opdateer het.

NUUS VAN ORAL

IN MEMORIAM

Johan Vermeulen ons voorsitter sedert stigting in 2000 tot in 2017 sterf op 20 April 2018 in die ouderdom van 78jr. Vandag kan ons as Bondslede met trots en dankbaarheid terugkyk wat hy vir ons en die Vermeulen nageslag beteken en nagelaat het. Vele huldeblyke is na sy dood ontvang en ons plaas hierdie berig wat in die Mei 2018 uitgawe van DIE NUUSBRIEF van die GGSA NTvl tak verskyn met erkenning en goedkeuring van die bestuur van die organisasie.

STIGTERSLID VAN VERMEULEN-FAMILIEBOND OORLEDE

Johannnes Petrus (Johan) Vermeulen (* 10.09.1939 † 20 April 2018)

Dié foto van Izak en Johan Vermeulen saam met Marie van der Walt 'n familielid van hulle is op 16 April 2010 tydens N.Wes-tak se genealogiedag op Klerksdorp geneem

Johan was die sameroeper en voorsitter van die Vermeulenfamiliebond, mede-outeur van die Vermeulenfamilieregister, stigterslid van GGSA se Noordwes-tak en meer as 10 jaar ondervoorsitter. Sy heengaan is 'n groot verlies vir sy familie, vriende en genealogie.

GEBOORTES

Baie geluk aan die trotse ouers Wayne en Michelle Meyer met die geboorte van hul tweeling Gemma en Caleb op 17 Mei 2018. Michelle is die dogter van Izak Vermeulen,'n erelid van die Bond, asook mede-navorser en een van die stigterslede. Michelle is ook 'n Bondslid sedert stigting.

Wayne en Michelle met Gemma en Caleb

'n WARE EN TROTSE BONDSFAMILIE

Die Vermeulen gesin van Melkboschstrand met nie minder nie as 5 Bondslede en vier geslagte dra beslis die belange van die Bond op hul hart. Baie geluk dan ook aan oupagrootjie Koos , oupa Johan en die trotse ouers Johan en Yolandi met die geboorte van hul dogtertjie Heide Katrien op 3/08/2018. Johan (nou oupa) was sedert stigting vir 'n aantal jare op die bestuur van die Bond. Die Bond is voorwaar trots op hierdie gesin. Koos is ook ons oudste Bondslid.

Oupagrootjie Koos, oupa Johan, Nielen, pa Johan en Maurits almal Bondslede.

Oupa Koos 83jr en Sinie 81jr

Nielen en sy vrou Petro

Johan en Yolandi met hul dogtertjie Heide Katrien (11 de geslag)

Oupa Johan en Louise Maurits en vriendin Elbė (Johan se suster) en haar man Ernst

Die bestuur wil elke Bondslid en Vriend van die Bond ’n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toewens.

Kontak ons gerus indien jy meer betrokke wil wees.

Vriendelike Bondsgroete

Hennie Vermeulen

AANHANGSEL 1

24/10/2018

INLIGTING WAT BENODIG WORD VAN VERMEULEN AFSTAMMELINGE OM ONS GESLAGSREGISTER OP TE DATEER.

'n Beroep word op alle Vermeulen afstammelinge gedoen om ons hiermee te help.

Ons navorsers Johan Vermeulen, Izak Vermeulen en ander navorsers het vir ons as die Vermeulen nageslag 'n onskatbare erfenis daargestel. Die navorsers het dan ook al hul navorsingwerk aan die Bond geskenk. Die laaste druk van die geslagsregister het in 2011 plaasgevind. Sedertdien het Johan Vermeulen tot en met sy dood die opdatering behartig en doen Hennie Vermeulen nou die opdatering op ons databasis vanaf September 2018. Die opdatering behels nie net die opteken van name, geboortes, troudatums en datums waarop persone oorlede is nie maar behels ook die verskaffing en aantekening van persoonlike inligting oor 'n Vermeulen of n interessante gebeurtenis of insident waarby so 'n persoon betrokke is of was vir aantekening in die geslagsregister. Die Bond hou ook foto databasisse by van grafte, foto's van belangrike Vermeulen dokumente en plekke van waarde vir 'n Vermeulen familie, asook 'n databasis van foto's van persone.

Dit moet benadruk word dat die Geslagsregisters en die databasis die eiendom van die Bond is en dat geen deel daarvan sonder skriftelike goedkeuring van die Bond gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee mag word nie.

Let wel indien 'n Vermeulen trou en hy/sy neem sy/haar lewensmaat se van aan, word die lewensmaat se besonderhede aangedui in die geslagsregister, maar nie hulle kinders of afstammelinge se detail nie. Die kinders is nie meer 'n Vermeulen vir doeleindes van die geslagsregister nie. Daar is foutiewelik in die verlede wel van dié kinders se name vermeld in ons Geslagsregister . Hul besonderhede kan ongelukkig nie nou verwyder word nie.

Die verantwoordelikheid om geslagsregister inligting te versamel berus nie net by die Bond Bestuur nie en as elke Bondslid en Vermeulen afstammeling ons help om hom of haar inligting na te gaan in die geslagsregister en ons laat weet van die veranderinge, sal dit ons taak net soveel makliker maak. Dit berus by onsself of ons 'n opgedateerde met korrekte inligting geslagsregister daar wil stel vir ons nageslag waarop hulle trots gaan wees en of ons dit gaan los en die 2011 register as die finale Vermeulen geslagsregister gaan aanvaar. . Ek is bereid om die inligting op die databasis te laai. Ek moet net die korrekte inligting kry. Julle moet asb. seker maak dat die inligting korrek is. Die bron waar ons die inligting vandaan kry word ook vermeld d.w.s. jou naam word verstrek as bron. As jy nie seker is of jy reeds in die geslagsregister opgeneem is nie, stuur jou inligting aan ons by bogenoemde kontak besonderhede.

Genealogiese bronne wat geraadpleeg kan word is in die meeste gevalle 20jr agter met inligting en dan beskik hulle ook nie oor die al die inligting nie. Bronne is dus beperk.

WAARMEE KAN JY HELP:

1. Rapporteer alle gesinsveranderinge kompleet met volle name en van, geboortedatum en plek van geboorte, huweliksdatum en plek van huwelik, sterfte datum en plek van sterfte en boedelnr. waar bekend. Dokumente om hierdie inligting te bevestig, sal ook welkom wees.
2. Gaan jou en jou familie se inligting na in die 2011 geslagsregister asook jou ouers, broers, susters en ander familie se inligting en laat weet ons van veranderinge sodat ons dit kan opdateer in ons databasis.
3. Onthou om ook foto's van Vermeulens, foto's van familie saamtrekke, ou dokumentasie, grafte en nisse in mure van herinnering by kerke en ander plekke in te stuur met volle besonderhede.
4. Die belangrikste is rapporteer inligting waar Vermeulens presteer en insidente komies en andersins waarby Vermeulens betrokke is.
5. Wanneer u mede Vermeulens raakloop, vind uit of hulle van ons weet en kry hul detail sodat ons kan seker maak hulle detail verskyn in ons register/databasis.

DANKIE DAT JY BEREID IS OM BETROKKE TE WEES VIR HIERDIE BELANGRIKE TAAK OM DIE VERMEULEN GESKIEDENIS VIR ONS NAGESLAG DAAR TE STEL.
STUUR JOU INLIGTING AAN ONS BY DIE KONTAK BESONDERHEDE SOOS VERMELD HIERBO IN DIE MEULENAAR.

NON PAREIL